

# KI-DEO NUUSBRIEF

10 years  
and growing stronger

## Ons God van die Onmoontlike

Ek wil graag hierdie wonderlike getuienis met julle deel. Op Maandag, 2 Februarie het Shawn die aand begin naar voel en het die volgende dag by die huis gebly. 'n Paar kinders in die huis het toe reeds deurgeloop met die maagvirus wat in die omloop was en was dit maar my eerste gedagte dat hy ook nou daarmee ingeval het. Hy het die Dinsdag een keer gebrak en verder net gekla van die krampe op sy maag. Ek het hom op 'n stadium op die bed laat lê sodat ek presies kon voel waar die seer was, en het dit gepyn oor die hele gedeelte van sy buik en maar aangehou om medikasie te gee.

Woensdag het ek ons dokter gekontak en haar vertel van Shawn se toestand en sy bevestig toe dat daar 'n erge maagvirus in die omgewing is en dat ek maar moet aanhou met krampwerende medikasie.

Donderdag vertel Shawn toe vir my dat hy soveel beter voel maar toe ek vir hom sê om dan bietjie op te staan, kon hy nie regop kom nie. Ek het onmiddellik vir hom gevra waar die pyn is en alles was toe aan sy regterkant en sonder dat hy enigsins koors gehad het of enige ander simptome, het my grootste vrees waar geword, dat dit beslis sy blindederms is!

Ek het ons maatskaplike werker gekontak en laat weet dat ek oppad was na Kalafong Hospitaal, aangesien ons nie medies het vir die kinders nie en is dit dan die hospitaal is in wie se zone ons val!

Nie geweet wat om te verwag nie en met 'n swaar hart is ons toe deur Kalafong toe! Ons ergste vrese was bewaarheid toe ons daar aankom en sien in watter toestand die hospitaal is,

hoe vuil dit is en dat daar eintlik geen mediese sorg bestaan nie. Elke pasiënt is maar aan sy eie genade oorgelaat! 'n Lang storie kort is daar toe besluit dat Shawn onmiddellik geopereer moes word, waarna ons nog 'n paar ure moes wag. Hy is toe in die oggendure van Vrydag, 6 Februarie geopereer en die dermatoloog was toe al geperforeer en het gebars toe hulle hom uitgehaal het! Hy is op Saterdag, 7 Februarie ontslaan en het ek ons huisdokter, Dr Estelle Mocke gevra om net asb af en toe te kom loer of alles darem nog reg is met die wond. Dinsdag, 10 Februarie het sy die eerste keer kom kyk en was heel tevrede met die sny maar was tog bekommerd oor iets hard agter die sny. Donderdag was sy weer hier en skielik was daar 'n yslike knop en het sy vermoed dat 'n abses gevorm het! Sy het vir my 'n nota geskryf om hom te neem vir 'n sonar maar toe hy moes opstaan om reg te maak, het die abses gebars en was dit soos een groot wolkbreuk, dit het net aanhou uitloop, sodat ons later 'n handdoek moes gebruik om hom droog te hou!

Ons het beseft dat daar groot fout is en dat hy onmiddellik weer geopereer moes word. My eerste woorde was dat hy nie kon teruggaan na Kalafong Hospitaal toe nie! Ons dokter, Dr Estelle Mocke het onmiddellik die skakel-beampte van Unitas Hospitaal, Isobel Fowler, gekontak en ons situasie aan haar verduidelik en gevra of hulle nie dalk 'n spesiale fonds het vir situasies soos die van ons nie. Sy het gesê dat sy sal terug skakel en net sal uitvind. Dit was nie eens 'n halfuur later nie toe sy laat weet het dat Unitas Hospitaal alles pro bona vir ons sal doen! Ons kon toe vir Shawn deurneem na Ongevallene toe, hulle wag toe reeds vir ons.

## Kontakbesonderhede:

Tel: 012 644-2524  
Sel: 083 696 8600  
E-pos: [theresag@ki-deo.co.za](mailto:theresag@ki-deo.co.za)  
[www.ki-deo.co.za](http://www.ki-deo.co.za)

GAAN LIKE ONS ASB OP  
FACEBOOK EN VERTEL  
JOU VRIENDE VAN ONS!

## Belangrike Nommers:

NPO reg no.: 000-762  
WO no.: 11 02 0059  
PBO.: 18/11/13/1456

*Ons is 'n geregistreerde organisasie en kan jou voorsien met die nodige artikel 18A sertifikaat indien nodig vir belasting-doeleindes!*

**Ons glo en vertrou vir 'n Bussie!**



**Faith is to believe what we do not see; and the reward of this faith is to see what we believe!**  
Indien enigeen finansieel wil bydrae, is ons bankbesonderhede soos volg:

ABSA: Rek no.: 10500 40654  
Verw.: MSK-KH Toer  
E-pos bewys na: [theresag@ki-deo.co.za](mailto:theresag@ki-deo.co.za)

## Help ons asseblief met die volgende kruideniersware op 'n maandelikse basis:

Suiker  
Koffie (Ricoffy)  
Tee (Rooibos)  
Pasta  
Rys  
Two-Minute-Noodles  
Tamatie- en Uiesmoor  
Tamatiepuree  
Speserye  
Sout en Peper  
Geblikte ertjies  
Baked Beans  
Sweetcorn  
Tuna  
Bully Beef  
Oats  
Kitspappe  
Margarine  
Peanut botter  
Stroop  
Bovril  
Kaassmeer  
Konfyt  
Aanmaak koeldrank  
Mayonnaise  
All Gold Tamatiesous  
Chutney  
Sweet Chilli Sous  
Skoonmaakprodukte:  
Handy Andy  
Domestos  
Mr Min  
Mr Muscle  
Toilet Duck  
Jeyes Bloo blokkies  
Jeyes Fluid  
Skottelgoedwasser seep  
Swart sakke  
Swart skoenpolitoer  
Skuursponsies  
Staalwol  
Waslappies  
Afdrooglappe  
Eiers  
Melk  
Kaas  
Weense Worsies  
Sousboontjies  
Beet  
Vars groente of gevriesde groente  
Kaas  
Vrugte  
Koekies en Lekkers

## Vervolg .....

Daar aangekom, het almal reeds geweet van Shawn en het hy net die beste behandeling gekry. Almal was so vriendelik en behulpsaam, bloed was getrek en 'n CT scan gedoen om te kon sien hoe ver die infeksie versprei was. Dr Wiggett was net besig met 'n operasie by Meulmed Hospitaal en het onmiddellik toe hy terug was by Unitas, vir Shawn kom sien en hom dadelik geopereer!



Volgens hom was alles vrot binne-in en het dit gelyk soos nat tissue, hulle kon hom glad nie toewerk nie, maar het 'n dreineringspyp ingesit en dit met gaas bedek.

Hy het in groot gerief gelê in 'n privaatkamer, sy wond was uitstekend versorg en het hy net die beste behandeling gekry. Robert Jordaan, die Hospitaalbestuurder het persoonlik vir Shawn gaan ontmoet en ook om te hoor hoe dit met hom gaan. 'n Ongelooflike man met 'n hart vir ander. Volgens Isobel Fowler, is dit nie sommer iets wat gebeur, dat 'n hospitaal alles pro-bona doen nie en is ons die

Here en Unitas Hospitaal so dankbaar vir alles wat hulle vir hom gedoen het! 'n Groot dankie ook aan Dr Wiggett vir die operasie gedoen en die span saam met hom, julle het sy lewe

gered, want sou hy teruggegaan het na Kalafong sou hy dit beslis nie gemaak het nie!

Dankie aan elke personeellid van Saal 2C vir al julle omgee en uitmuntende diens, dat julle altyd daar was vir

hom sou hy pyn of ongemak verduur het!

Dankie aan almal van Centurion vir jul gebede, omgee en belangstelling, julle het ons absoluut gedra deur hierdie tyd!

Ook 'n groot dankie aan ons dokter, Dr Estelle Mocke vir alles wat sy vir ons kinders oor die algemeen doen, maar nou ook spesiaal vir alles wat sy gereël en gedoen het vir Shawn, dankie vir jou onbaatsugtige liefde en diens en dat jy bereid was om die nasorg te doen na die tyd! Sy wond herstel baie mooi, is die dreineringspypie al verwyder, en groei die wond baie mooi toe!



## Fondsinsameling:

Soos julle almal sekerlik weet, beplan ons 'n Opvoedkundige Toer vir ons kinders na die Kaap. Ons vorder goed met ons fondsinsameling en hou ook Vrydagaand 'n fondsinsameling om spesifiek wintersklere vir ons kinders te kan aankoop vir die toer. Kom ondersteun ons asb hiermee!

Ons benodig nog die volgende vir die toer:

1. Mediese sakkie met voorraad vir die toer, enigiets van pleisters, salf, pynmedikasie, ens.
2. Wintersnagklere en pantoffels.
3. Onderklere en sokkies
4. Goeie tekkies
5. Warm fleesy tops en drymac baadjies.
6. Jeans
7. T-hempies in verskillende kleure met hul name op wat ons spesiaal gaan laat print.
8. Sakgeld vir ons kinders
9. Huur van groot sleepwa
10. Beskuit, lekkergoedpakkies opgemaak vir langs die pad.

Hierdie toer is werklik 'n geloofsaak en terwyl ek nog getwyfel het oor die haalbaarheid daarvan, het die Here net absoluut begin voorsien! Nou kan ons vir die kinders alles gaan wys waarvoor hul leer en 'n geleentheid gee wat hulle andersins nooit sou gehad het nie! Dankie vir elke wat sover gehelp en bygedra het!

# Ki-Deo

## Fondsinsameling

13 Maart

vanaf 17:00

'n Spesiale projek om wintersklere te koop vir ons Ki-Deo kinders

**Verkope:**

Boereworsrol - R 20

Cupcakes - R 10

Koeldrank - R 10

Adres: 112 Van Alebeeckstr., Lyttelton, Centurion

Meer inligting: Theresa: 083 696 8600 / (012) 644-2524

**FAITH**  
is like Wi-Fi,  
it's invisible but  
it has the power  
to connect you to  
what you need.